Formulierboek weerspieël jare se groei

Die *Handleiding vir die erediens* is die nuwe liturgie-en-formulierboek vir gebruik op die kansel.

Daar is talle nuwe liturgieë vir alternatiewe dienste en bykomende formuliere. Dit is die vrug van baie jare se besinning, navorsing en eksperimentering deur 'n werkgroep wat die inligting versamel en verwerk het.

Daar is ook probeer om die afgelope jare se groei in die liturgiese beweging te weerspieël.

Die *Handleiding vir die erediens* kom 20 jaar ná die *Handboek vir die erediens*, en drie jaar ná *Vir die erediens – 'n handleiding*. Albei vorige publikasies is geëvalueer en met heelwat nuwe materiaal aangevul.

Elemente van die erediens

Die boek bestaan uit vier dele. Die eerste deel handel oor die erediens. Die verskillende elemente van die erediens word breedvoerig bespreek met riglyne en voorbeelde. Dit is veral die responsoriese formules wat opvallend is. Trouens, by die meeste van die liturgieë is daar responsoriese voorbeelde. Onder hierdie afdeling is daar 27 formuliere. By talle van die tradisionele formuliere (soos by die doop en die nagmaal) is daar verskeie alternatiewe voorbeelde. Daar is ses formuliere wat in Engels beskikbaar is. 'n Nuwe formulier wat aansluit by die tradisionele formulier vir die bevestiging van kerkraadslede, is die formulier vir die indiensstelling van gemeenteleiers.

Verskillende soorte eredienste

Die tweede deel handel oor al die verskillende soorte eredienste. By elke soort erediens word die herkoms en inkleding van die betrokke erediens bespreek, met verkorte liturgieë as voorbeeld. Daar is 13 verskillende soorte dienste wat op hierdie manier bespreek word. 'n Interessante nuwe toevoeging is die "klagdiens".

Kerklike jaar

Die derde deel fokus op die kerklike jaar. Die Kers-, Paas- en Koninkryksiklus word breedvoerig gedek. By elke seisoen en kerklike feesdag word die agtergrond bespreek en voorbeelde van liturgieë aangebied.

Ekumeniese belydenisse

Die vierde deel van die boek bevat die ekumeniese geloofsbelydenisse.

Die *Handleiding vir die erediens* het beslis die volgende pluspunte:

- Omvattende uiteensetting van en agtergrond tot die erediens.
- Vars omskrywing van al die elemente en momente van die erediens.
- Bygewerkte weergawe met talle nuwe liturgieë en formuliere.
- Verskeie Engelse formuliere is ingesluit.
- Formuliere vir spesiale geleenthede (bv nagmaal aan kinders of belydenisaflegging van mense met beperkte verstandelike vermoëns).
- Ekumeniese aanwending en gebruik.
- Aantreklike uitleg en omslag wat maklik saam met ander boeke en Bybels op die kansel gebruik kan word.

Die *Handleiding vir die erediens* is die vrug van 'n spanpoging. Baie jare se besinning, navorsing en eksperimentering is deur 'n werkgroep versamel en verwerk.

Dit is 'n voortgaande proses. Die samestellers hoop dat hierdie publikasie verdere nadenke oor die erediens sal stimuleer en die ontwikkeling van nog meer nuwe materiaal tot gevolg sal hê.

Die handleiding dra die boodskap van 'n ekumeniese openheid. Die samestellers hoop dus dat hierdie handleiding ook sinvol deur 'n verskeidenheid kerke gebruik sal word, en dat daar op liturgiese gebied toenemend samewerking tussen kerke sal wees.

Die *Handleiding vir die erediens* is nie 'n resepteboek nie. Die riglyne en voorbeelde hierin vra om op 'n kreatiewe manier verder ontgin te word deur almal wat betrokke is by die beplanning en inrigting van eredienste.

Die boek kan teen R179,95 bestel word by Bybel-Media Handel by 0860 26 33 42. Dit kan ook aanlyn gekoop word by www.bybelmedia.co.za.

BM BYBEL-MEDIA
Direkte bestellings: bestel@bmedia.co.za
Deeloproepe: **0860 26 33 42** of **0860 BMEDIA**
e-aankope: **www.bybelmedia.co.za**
JY BETAAL GEEN POSGELD NIE